

26 Julie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:1-9
Fokusgedeelte: DL, 5:9

God bewaar die saligheid vir my en my vir die saligheid!

Omdat dit van God afhang en nie van my nie, kan ek nie uit die genade van God uitval nie. God sal sorg dat ek behoue in die Nuwe Jerusalem sal aankom, want Hy hou die saligheid vir my in bewaring. Dit is wat Petrus skryf in sy eerste brief (vers 3-4): “Nou het ons ’n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word.”

Hierdie erfenis is onverganklik, onbesmet en onverwelklik en God self hou dit vir ons in bewaring. God bewaar egter nie net die erfenis vir ons nie, Hy bewaar ons ook vir die erfenis, word ons verseker (vers 5): “En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word.” God se bewaring werk dus na twee kante toe: Hy bewaar die erfenis vir my en Hy bewaar my vir die erfenis!

Daarom kan ons bely: “Die gelowiges kan sekerheid hê van hierdie bewaring van die uitverkorenes tot die saligheid en van die volharding van die ware gelowiges in die geloof. Hulle het hieroor sekerheid volgens die maat van die geloof waarmee hulle seker glo dat hulle ware en lewende lidmate van die kerk is en altyd sal bly en dat hulle vergifnis van sondes en die ewige lewe het.”

Dit is rede vir groot blydschap! Daarom sê Petrus (vers 6): “Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle ’n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings ...” Ek kan my daarvoor verheug dat dit nie van my afhang of ek behoue in die Nuwe Jerusalem gaan aankom nie, maar van God!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~